

## Ge-aard-heid

Dr Petrus Moolman

In vlak 1 Covid-19 afsondering, November 2020

Ek kyk dié week een aand na 'n episode van die program *Elders*, waarin Erns Grundling prof. Dave Pepler (ekoloog) as gas bekendstel. Erns is besig om die "Pelgrimstog van Hoop" in die Wes-Kaap te stap. Dave Pepler kan tydens sy saamstapbeurt nie uitgepraat raak oor die natuur nie. Sy vakgebied is duidelik nie vir hom bloot net 'n studieveld nie. Dit is sy lewe. Sy totale lewe. Hy fokus op die natuur en die wondere daarin wat mens dikwels laat lag, jou mond laat oophang, soms jou kop laat draai, maar jou meesal in verwondering laat.

In die baie insiggewende gesprek met Erns, maak Dave 'n opmerking oor die woord "geaardheid". *HAT (Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal)* verklaar dit met verduidelikings soos ingeskape karakteringesteldheid, natuurlike gesteldheid, aard, wese. Dave heg 'n byna filosofiese betekenis aan die woord. Hy kap dit op in lettergrepe: *ge-aard-heid*. Daarmee maak hy 'n baie belangrike stelling: die mens is aards-gebonde. Ons is eg-aards. Ons behoort tot die aarde. Ons kom uit die aarde op en ons keer na die aarde terug wanneer ons die dag sterf.

Natuurlik glo ons as Christene ook aan die lewe hierna. Vir baie mense is dat al waaraan hulle dink. Hulle hele lewe – veral wanneer dit swaar gaan – hunker hulle na die hemel en die lewe hierna. Vir hulle is dit 'n bevryding van die aardse ongemak, pyn en soms ondraaglike uitdagings. Dit is natuurlik nie verkeerd om na die lewe hierna te hunker nie. Dit is in 'n sin normaal. Die probleem kom wanneer dié gedurige hemelverlange die *lewe* begin oorheers. Dit lyk my veilig om te sê dat ons nie in die eerste plek gebore word met die doel om dood te gaan en hemel toe te gaan nie. Ons word gebore om op die aarde te *lééf*. Dis ons ge-aard-heid. Weliswaar vir 'n baie kort tydjie, gemeet teen die miljarde jare wat die skepping reeds bestaan. Juis omdat ons soos gras is wat afgesny word, verlep en verdroog (Ps. 90). Die lewe, sê die psalmdigter, is baie gou verby. Sewentig, tagtig. En dié tyd is volgens die digter maar vol swaarkry en dikwels trane. Die sandglas vir die mens loop vinnig leeg. Dan is dit verby, vir altyd. Aan die einde van die lewe kom ons

aardsheid die duidelikste na vore: ons word wéér stof. Nie niks nie, stof. Dis hoe ons veranker en ge-aard is.

Die gedagte van ons aardsheid as mense, is natuurlik ook kenmerkend in die Bybel se siening van lewe. Veral in die Ou Testament word lewe altyd beleef as naby die aarde, diep verbonde aan seisoene en natuurverskynsels. Lewe word selfs aanvanklik bereken teen ons afhanklikheid en ineengevlegtheid met die natuurlike seisoene. Ten grondslag hiervan lê die baie bekende skeppingsverhaal van die mens soos baie kort gestel in Gen. 2:7. Die mens word gevorm uit die stof van die aarde. Dit is veelseggend. Ons *ge-aard-heid* het sy oorsprong by God self. Dis die lewensruimte waarin HY die mens plaas, om te leef en ons lewensdoel te vergestalt. Ons is ge-aard. Ons plek is die aarde. Ons lewensdoel word geleef op die aarde, as deel van God se groot skeppingsmeesterstuk.

By die skepping van die mens is die groot skepping nooit volledig afgehandel nie. Deur miljoene jare bly dit vorm. Lawa – diep uit die aarde se kokende lyf – borrel op, vorm berge, eilande, nuwe stof wat grond word. Kuslyne verander sentimeter vir sentimeter. Stukke van kontinente bly wegdryf in ander rigtings en vorm nuwe grond, nuwe plekke. Tsoenami's spoel oor kuslyne en verander die land en lyn waar dit tref, ingrypend. Soms onherkenbaar. Maar behalwe die skepping se voortdurende voortgang en proses, het die aarde-verankerde mens ook 'n taak. Wanneer God aan die einde van die eerste Genesishoofstuk volgens die skeppingsdigter terugtree en sy eie handewerk bewonder en dit selfs "baie goed" noem, is dit nie omdat dit afgehandel is nie. Daarvan getuig berge, woestyne, woude, riviere en oseane. Niks bly staties nie. Saam met sy asem wat Hy in die stoflyf van die mens inblaas, kry die mens 'n opdrag om medekunstenaar te word. Ons moet die skepping help ontdek, geniet, bewonder, onderhou en verder inkleur. Mooimaak en in verwondering staan oor die Groot Kunstenaar. Daarmee het God die mens in 'n besondere verhouding tot Hom en sy skeppingskunswerk geplaas. Hy noem ons selfs sy verteenwoordigers. Deel kwaste, kleurkryte en verf uit om Hom op sy aarde te dien. As stof, diep veranker in die aarde. As verteenwoordiger diep veranker in Hom.

Ek kyk en luister altyd in verwondering na kunstenaars. Of dit nou beeldhouers of skilders is. Musici of skrywers. Hulle werk, verf, kap, skryf en speel met soveel oorgawe. Met net een mikpunt. Om net altyd beter te word. Hulle boodskap op die doek, uit die graniet, in die blaai van 'n boek of die klanke van 'n instrument, klink vir my altyd dieselfde. Dit het alles te make met lewe. Dis 'n boodskap wat hulle bly deel. Geen kunstenaar steek 'n kunswerk op die plafon of iewers in 'n laai weg nie. Hulle deel altyd om gesien en gehoor te word. Hulle kuns vertel en verduidelik. Soms jubelend, soms met 'n traan. Soms vermanend om diep in te sny in mense se gemoed. Om te beïnvloed. Om te verbeter en te verander.

As sy verteenwoordigers blaas God saam met sy Gees ook gawes, vermoëns, insigte, kennis in ons stoflywe in. Ons verteenwoordig. Ons skep nie nuut nie. Prediker sê alles wat is, was reeds. Alles wat nog kom, was ook reeds. Tog maak ons lewenskuns 'n bydrae in die groot kunswerk. Deur ons aardse lewe belig ons die naam van die Groot Kunstenaar en beitel ons sy Naam uit in die graniet, op doek, in die note en op die bladsye van ons lewenskuns. Ons doen dit in voorspoed en in teëspoed. In reën en in droogte.

Wanneer ons ons ge-aard-heid vergeet en gedurig net hunker na die lewe hierna, neig ons om ons aardse roeping te versaak. Ons ontvlug van ons ge-aard-heid binne die lewenskonteks waarin God ons geplaas het om volgens die riglyne van sy lewenskuns te leef, te kap, te verf, te skryf en uit te voer om sy vingerafdrukke en stem te laat hoor.

Covid-19 het sy letsels en invloed op die skepping gelaat. God wil hê ons moet mooi gaan kyk en luister na die nuwe en pynlike lyne wat die virus blootgelê het. As ons mooi kyk en luister, sal ons die vars littekens van die virus sien: armoede, emosionele verwonding, ongeloof, misbruik, korrupsie en uitbuiting op die fisieke, religieuse en psigo-sosiale doeke waarop ons kreatief moet inkleur en verf. Ons het kapwerk, verfwerk, skryfwerk, singwerk en nuwe klanke om voort te bring om die wonde te heel wat Covid-19 blootgelê het. Dit is ons ge-aard-heid.